# Gelofte 16 Des.

Aan elkeen wat gebonde is aan die gelofte van Bloedrivier wat jaarliks herdenk moet word.
Aan elke geloftefees komitee.
Aan elke spreker.
Aan elke prediker.
Aan elke feesganger.

Hoe lank wil u volhard in sonde? Ja! U het reg gehoor! Hoe lank wil u volhard in sonde?

Volgens Bybelse norme moet ons die **presiese bewoording** van die gelofte herdenk.
Dit is as volg voorgeskryf in die 1953 Afrikaanse Bybel:
**Deut.23:23** Wat oor jou **lippe** gaan, moet jy hou en doen soos jy aan die HERE jou God vrywillig beloof het — <u>wat jy met jou mond gespreek het.</u>


U pleeg onwetend ‘n geweldige groot sonde met die aflegging van die alombekende weergawe van die gelofte van Bloedrivier:
*"Mijne broeders en medelandgenoten, hier staan wij tans op een ogenblik voor een heilige God van hemel en aarde om een belofte aan Hem te beloven, als Hij met Zijn bescherming met ons zal wezen, en onze vijand in onze handen zal geven dat wij hem overwinnen, dat wij die dag en datum elke jaar als een verjaarsdag en een dankdag zoals een Sabbat in Zijn eer zal doorbrengen, en dat wij een tempel tot Zijn eer stichten zal, waar het Hem zou behagen, en dat wij ook aan onzen kinderen zal zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten. Want de ere van Zijn Naam daardoor zal verheerlikt worden, dat de roem en eer van overwinning aan Hem zal worden gegeven."*

Dit is nie wat oor hulle **lippe** gegaan het nie en daarom ‘n **sonde**.

Die alombekende weergawe is ‘n rekonstruksie van Sarel Cilliers se sterfbed weergawe van meer as 30 jaar na die veldslag en ander geskiedkundige bronne wat deur GBA Gerdener behartig is. Dit verskil ingrypend van dit wat vanaf 9 tot 15 Des. 1838 oor hulle **lippe** gegaan het.

Die huidige weergawe is in terme van Vader JaHWeH se voorskrifte, ‘n sonde.

Hiermee ‘n foto van die Gelofte in ‘n koerantberig wat 6 maande na die veldslag gepubliseer is in:
De Zuid-Afrikaan 14 Juny (sic) 1839:



Cilliers gedaan.

Des Zondags morgen, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander komen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen volyverig in geest en in waarheid, tot God mogten bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde, (indien allen wel wilden),—" om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen, —en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden

—"om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen"— en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden."

Die volgende deel van die berig bevestig dat bogenoemde die gelofte is wat onder gebed afgelê is:



EN VAN "DE ZU

sprak over de 24 eerste verzen van het 6 Kapittel uit Judicum of de Rigteren; besloot vervolgens met het Gebed, waarin de belofte voormeld aan God werd gedaan, en eene krachtige smeking, om Gods hulp en bystand, in het volbrengen derzelve; er werd weder gezongen, de 12 en 21 verzen van voorm. 38 Psalm, en hy besloot de godsdienst, door het zingen van Psalm 134. Naidemiddag werd weder eene byeenkomst gehouden, en men zong verscheidene toepasselyke verzen; de Heer Cilliers maakte weder een aanspraak, en verrigte het openbare gebed; op welke wyze, ook de avond werd doorgebragt.

Dit is wat oor hulle **lippe** gegaan het en nie die gelofte wat u oor die jare geleer is, nie. Daarom die klem daarop dat die alombekende gelofte 'n sonde is in terme van dit wat Vader JaHWeH aan ons voorgeskryf het.

Versprei asb hierdie boodskap vir elkeen wie u ken en elke spreker en predikant en komitee lid wat nog Geloftedag eerbiedig.

Indien u dit nie doen nie volhard u in sonde en moet daarom nie kla oor die vervalle toestand waarin ons as volk verkeer nie.

**Deut.23:21** As jy aan JaHWeH jou El (die HERE jou God) ‘n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want JAHWeH jou El sal dit sekerlik van jou **eis**, en dit sal **sonde** in jou word. Maar as jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie.
23 Wat oor jou **lippe** gaan, moet jy hou en doen soos jy aan JAHWeH jou El vrywillig beloof het — wat jy met jou mond gespreek het.

**Pred.5:3** As jy 'n gelofte aan El (God) gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in **dwase** nie. Betaal wat jy belowe. 4 Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie. 5. Laat jou **mond** nie toe om op jou liggaam 'n **sondeskuld** te laai nie, en sê nie voor die gesant van El: Dit was 'n vergissing nie. Waarom moet El toornig word oor jou stem en **die werk van jou hande verwoes?**

Hiervolgens is ons dwase en word die werke van ons hande verwoes en is ons self aandadig daaraan.

Daarom die dringende oproep om in alle erns Vader JaHWeH se Wil te eerbiedig en die regte Gelofte af te lê en ‘n medewerker te wees sodat Geloftepligtiges dit oral doen.

Wees daarom soos die hardlopers in die dae van Jehiskia (2Kron.30) en roep die volk op om die regte gelofte te eerbiedig wat aansluit by die Paardekraal Gelofte, want bogenoemde is nie al nie.

Eerbiedig daarom ook die Paardekraal Gelofte van 13 Des.1880 waardeur ons deur Vader JaHWeH se toedoen die Eerste Vryheidsoorlog gewen het en die Boere Republieke herwin het en dit El-gegewe eiendom geword het.
Hierdie gelofte beloof om die Gelofte van Bloedrivier jaarliks by Paardekraal binne volksverband te herdenk




**2Kron.30:8** Verhard nou nie julle nek soos julle vaders nie, gee aan JaHWeH die hand en kom na Sy heiligdom wat Hy vir ewig geheilig het, en dien JaHWeH julle El, dat Sy

toorngloed van julle afgewend kan word. 9 Want as julle jul tot JaHWeH bekeer, **sal** julle broers en julle kinders barmhartigheid vind voor die wat hulle as gevangenes weggevoer het, sodat hulle na hierdie land kan terugkom; want JaHWeH julle El is genadig en barmhartig, en Hy sal die Aangesig van julle nie afwend nie as julle jul tot Hom bekeer.

Vrede
Flip Swanepoel
9 Nov.2022